C.J.A. Vos, L.L. Hogan & J.H. Cilliers (Reds.)

PREACHING AS A LANGUAGE OF HOPE

Studia Homiletica 6

Pretoria: Protea Book House

Die sesde uitgawe van Studia Homiletica bevat die referate wat tydens die wêreldkongres van die Societas Homiletica in Pretoria (2006) gelewer is. Die kongrestema, "Preaching as a language of hope", is uiters gepas in die lig van talle krisisse in die wêreld, waarvan armoede en VIGS waarskynlik die belangrikste is as die referate as aanduiding geneem moet word. Die roeping van die kerk om die Woord van God aan 'n wêreld te verkondig wat in 'n skynbare proses van verval is, behoort hoop in 'n verwarde wêreld te bring. Prediking wat nie in staat is om hoop te skep nie, is ontrou aan die aard van die prediking as die kommunikasie van God se antwoord vir die nood van mense.

Die publikasie is in vier afdelings verdeel. Die eerste afdeling bevat referate wat inpas by die teologiese, retoriese en verbeeldingryke krag van die taal van hoop. In hierdie afdeling fokus referente op die skeppende vermoë van die taal van hoop. Besonder betekenisvol is Elna Mouton se bydrae oor die konsep van hoop in die Nuwe Testament terwyl Cas Vos se uitgangspunt vir hoop uit Romeine 8 hierby aansluit.

In die tweede afdeling fokus die referate op fakkels van hoop. Albrecht Grözinger skryf oor "The parables of the kingdom as fictions of hope", Ciska Stark neem Moltman se teologie van die hoop in oënskou, Rudolf Bohren kom aan die orde in 'n bydrae van Jantine Nierop en Mogens Lindhart ontgin die perspektiewe van skande en hoop.

Afdeling drie is kontekstueel gerig met ’n hele aantal bydraes oor die wêreldkonteks van lyding, VIGS, die verligting van armoede en ’n psigiatriese perspektief op hoop. Prediking van hoop is ook prediking van liefde (Rantoa Letsosa) en ’n taal van hopeloosheid in prediking word krities belig (Leif Andersen).

Die vierde afdeling bestaan uit ’n enkele bydrae. “Who touched me?” is die pakkende tema van Maake Masango se praktiese bydrae wat met emosie gelaai is. Daar is ook ’n bydrae oor die werkswinkel in verband met homiletiese navorsing (Lucy Logan).

Al die referate is leesbaar en sal vir die geïnterreseerdes in homiletiek aangenaam en informatief wees. Waarskynlik kom dieselfde sake en temas meermale in referate voor, maar herhaling is waarskynlik onvermydelik wanneer soveel referate oor dieselfde tema (hoop) handel. Omdat dit referate is, kan nie dieselfde akademiese gehalte verwag word as van ’n wetenskaplike publikasie nie. Nogtans is daar geen rede waarom hierdie publikasie nie sterk aanbeveel behoort te word nie. Suid-Afrika het in besonder ’n prediking van hoop nodig!

Prof. Johan Janse van Rensburg
Hoof: Departement Praktiese Teologie
Fakulteit Teologie
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein